Pelargonium dolomiticum

In die sanderige grond met kalkklippe tussenin tussen minderwaardige vleigrasse het ek op hierdie pragtige *Pelargonium* afgekom. Ons sien sommer aan die bloeisel, dis wat die meeste van ons ken as ‘n malva-gewas (geranium). Die blare is diep ingekeep, ietwat vlesig (sukkulent), lyk grysgroen, is bedek met fyn haartjies en het ‘n sterk aromatiese geur, veral, as dit gekneus word. Dis ook effentjies taai.

Die wortelstok is ook sukkulent en sit redelik los in die sandgrond. By jong plante lyk dit soos ‘n geelwortel. Die hele plant word tot 50 cm hoog, groei tussen harde lang grasse en word daardeur opreg gehou. Die takke is redelik slap en staan nie alleen regop nie. Die blommetjies word op die punte van die takke gedra. *Pelargonium dolomiticum* is een van die min *Pelargonium*-spesies, wat in grasveld voorkom.

Dit is meerjarige plante. Met erge koue ryp die bogrondse dele dood, maar in lente loop dit weer van onder af uit. Hulle is baie gehard, kan hitte, droogde en koue weerstaan, sal goeie tuinplante afgee, veral in inheemse-plante-tuine. Dit hou van volle son.

Interessant is die saadjies. Aan die eintlike saadjie is daar ‘n vliegaparaat (soos ook bv. by *Stipagrostis uniplumis* of blinkgras-sade) vas wat soos ‘n veertjie lyk. Die steeltjie van die veer is kurktrekker-agtig gedraai. Dit veroorsaak ‘n draaibeweging van die saad tewyl dit vlieg, wat moontlik die vliegafstand van die moederplant af

vergroot en verspreiding grootvlakkiger maak.

Pelargonium-plante is inheems in suidelike Afrika. Daar in ongeveer tweehonderd spesies, meeste van hulle van Suid Afrika. Uit hulle is die baie pragtige tuin- en balkon-malvas (oorspronklik in Nederland) geteel. Vir baie jare al versier hulle in Europa in die lente- en somermaande die balkonne van Europese huise.

←*Restaurant in Lyon, Frankryk*

Ek was baie verbaas om hierdie kruid hier in Namibië in die grasveld te sien en het dele daarvan saamgevat en steggies geplant. Dit het maklik gevat, groei vinnig en pronk nou buite my kombuisdeur.

Ek kon geen rekords van medisinale of enige ander gebruike spesifiek vir *Pelargonium dolomiticum* opspoor nie. Dalk is dit moontlik om seep daarmee te geur, die geur is nogal aangenaam.

Inligtingsbronne: Identifikasie: Alex Dreyer en Silke Rügheimer (Dankie!)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Oktober 2018